

19 Julie

**Skrifgedeelte: Matteus 6:9b (lees ook 1 Joh. 3:1) (1933/53-vertaling)
Fokusgedeelte: Matteus 6:9b; Heidelbergse Kategismus Sondag 46**

Die inleiding tot ons gebed: “Onse Vader wat in die hemele is”

Die dissipels vra vir Jesus: Here, leer ons bid. Hy antwoord met die Onse Vader. Elke woord en elke bede in hierdie Onse Vader is van God af. Ons kan God aanroep en aanspreek as *Ons Vader!* Wanneer Jesus hulle leer, begin Hy nie net lukraak nie, nee, Hy begin met ’n heilige erkenning en eer dat ons kinders voor God is. Ons het ’n Vader in die hemel! In 1 Johannes 3:1 bevestig God dat ons sy kinders is.

Ons verstand en vermoëns skiet by verre tekort om te kan begryp dat ons wat in onself vol sondes is, tog in Christus mag uitroep dat ons ’n Vader in die hemel het. God noem ons: My kinders! In hierdie gebed is daar ook nie plek vir die woorde “my” of “ek” nie. Ek kom in hierdie gebed tot *ons* Vader. Tog, *ons* Vader sal ook *my* nood aanhoor en verhoor omdat Hy die Vader van ons almal is. My en Christus se Vader, maar ook Vader van al God se kinders. Baie keer as ons bid, dan gaan dit net oor wat *ek* nodig het. Christus breek deur daardie gesindheid met die eerste woordjie van dié gebed: *Onse ...* Daar is min dinge so erg soos om alleen te wees. In die *Onse* Vader word alle alleenheid uitgeskakel.

As ons hemelse Vader besit Hy natuurlik al die eienskappe van die Skrif vir ’n Vader: ons hoor versorging, ons hoor liefde, ons hoor opvoeding, ons hoor gesag. God het in Christus ons *Vader* geword.

Dan verder: Hy is ons Vader *wat in die hemele is*. Ons kan en mag nooit klein dink oor Hom tot Wie ons bid nie. Ons erken in ons gebed dat Hy die heilige is. Wat ’n gebed! – Ons Vader is ook die Heilige God! Daarom kan ons Hom as Vader vertrou, maar ook as God eer.

Natuurlik plaas hierdie gebed ook ’n roeping op ons: Jy kan Hom nie aanroep as ons Vader en ons leef nie soos kinders van die Vader nie. Ons ontvang ons kindskap van Hom in Christus, daarom moet ons in Christus leef. Ons word sy kinders genoem en ons is dit. Daarom kan ons bid: Onse Vader wat in die hemele is!

Sing: Psalm 33:11 (1936)

Ds. JG (Hannes) Noëth (Kimberley)